education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## ADDENDUM

## NOVEMBER 2008

**Hierdie addendum bestaan uit 15 bladsye.**

## VRAAG 1: HOE HET DIE BERLYNSE MUUR DIE KOUE-OORLOG-SPANNING IN EUROPA VERHOOG?

### BRON 1A

Die volgende bron is 'n gedeelte van 'n onderhoud met Charles Wheeler, 'n Wes-Berlynse burger. Hy gee sy standpunte oor die toestande wat in Oos- en Wes-Berlyn in die vroeë 1960's geheers het.
Aangepas uit www.gwu.edu/nsarchiv/coldwar/interviews.

**1. Toestande in Oos-Berlyn in die vroeë 1960's soos deur Wheeler gesien.**

... Oos-Berlyn het gesukkel om van die gevolge van die Tweede Wêreldoorlog te herstel en het die impak van Rusland se onttrekking van reparasies (betaling) uit Oos-Duitsland gevoel. Om die waarheid te sê het bitter min heropbou plaasgevind en ten spyte van 'n groot behuisingstekort, is geen huise gebou nie, nogtans is geld op die bou van toonaangewende projekte soos die Kommunistiese Party se hoofkwartier gespandeer.

Die lewenstandaard, in vergelyking met die Weste, was swak, lone was laag en daar was geen verbruikersgoedere, behalwe eindelose bottels [ingelegde] piekels, in die winkels nie. Produksie wat wel plaasgevind het, het óf na die Sowjet-Unie gegaan óf is in belang van die Sowjet-Unie uitgevoer. Toestande hier was desperaat en mense is inderdaad behoeftig gelaat.

**2. Toestande in Wes-Berlyn in die vroeë 1960's soos deur Wheeler gesien.**

Aan die ander kant was Wes-Berlyn 'n vooruitstrewende Westerse stad wat as gevolg van hulp van die Marshall-plan en hulp van ander Europese state herbou is. Die uitwerking hiervan was op verskeie maniere sigbaar, soos dat baie mense wat ek geken het, gewerk het en 'n goeie lewensgehalte gehandhaaf het. Die meeste winkels was goed toegerus met 'n verskeidenheid goedere en dienste en dit het gewemel van kopers. Verder was daar die vryheid om te reis en werkloosheid was werklik baie laag. Baie mense was gelukkig met hierdie toedrag van sake.

Dit was moeilik om die politiek en die ekonomie van mekaar te skei. Wes-Berlyn het as 'n demokrasie gefloreer en het die vrugte van vryheid geniet, terwyl Oos-Berlyn as gevolg van kommunistiese invloed nie kon ontwikkel nie.

Kopiereg voorbehou 


**BRON 1B**

Hierdie bron bestaan uit twee foto's wat die lewe in Oos- en Wes-Berlyn uitbeeld. Dit is geneem uit *The Great Power Conflict after 1945* deur Peter Fisher.

**Foto 1: Dit is 'n illustrasie van die stadslewe in Oos-Berlyn in die vroeë 1960's**




**Foto 2: Dit is 'n illustrasie van die stadslewe in Wes-Berlyn in die vroeë 1960's**



**BRON 1C**

Die grafiek hieronder toon die aantal oorlopers vanaf Oos-Berlyn na Wes-Berlyn tussen 1949 en 1965. Geneem uit *The Modern World* deur Nigel Kelly en Rosemary Rees.



**BRON 1D**

Polisiesersant Hans Peters en Ursula Heinemann was ooggetuies van die gebeure wat op 13 Augustus 1961 in Berlyn plaasgevind het. Die volgende uittreksel is geneem uit *The Great Power Conflict after 1945* deur Peter Fisher.

Hans was op grensdiens in die Franse Sektor van Wes-Berlyn. Om 2.20 vm. het ses trokke, met hulle hoofligte aan, in sy rigting aangebrul gekom. Tagtig treë verder het hulle gestop. 'n Oomblik later het die straat gewemel van gewapende soldate wat masjiengewere, op die Franse Sektor gerig, opgestel het. Twee wagte, wat rolle doringdraad gedra het, het nadergekom. By die onsigbare grenslyn tussen die Sowjet- en Franse Sektore het die troepe die staat afgesper. Niemand in die huise het geroer nie.

Om 4.45 vm. het Ursula Heinemann in haar Oos-Berlynse woonstel wakker geword vir nog 'n werksdag by die Plaza Hotel in Wes-Berlyn. Sy het na die kaartjieskantoor van die nabygeleë stasie gestap. 'Nein! Nein! [Nee! Nee!] Vat jou pfennings [geld] terug! Ritte na Berlyn vind nie meer plaas nie!'

Op daardie oomblik het Ursula vyf gewapende Oos-Duitse vervoerpolisielede in haar rigting sien aankom. Sy het omgedraai en na haar woonstel teruggehardloop. 'Hulle het die grens gesluit!' Binne 'n oomblik was die portaal en gange van die woonstelle vol skreeuende en huilende mense.

Sy het besluit dat sy na die Weste moes oorgaan, maar hoe? Naby die VS-Sektor het sy deur 'n vrugteboord geglip en die doringdraadgrens bereik. Ursula het op haar maag vorentoe gekruip. Sy het gevoel hoe die metaaldraad haar vel skeur. Uiteindelik het sy die grenspos bereik. 'n Oomblik later was sy in Wes-Berlyn. Teen vroegoggend het die Oos-Duitse polisie en soldate die stad in twee gesny. Die afsper-operasie het voortgegaan. Slegs 'n paar deurgangspunte, beskerm deur tenks, gepantserde motors en waterkanonne, het oop gebly. Nogtans was sommige mense steeds vasberade om die dood te tart deur van Oos na Wes oor te loop.

**VRAAG 2: HOE IS PATRICE LUMUMBA SE BEWIND IN DIE STRYD OM UHURU (VRYHEID) IN DIE KONGO ONDERMYN?**

**BRON 2A**

Die volgende is 'n uittreksel uit Ludo de Witte se boek, *The Assassination of Patrice Lumumba.* Lumumba was die eerste verkose eerste minister van die Kongo. Hy was slegs vir twee maande eerste minister voordat hy uit sy pos verwyder en vermoor is.


Lumumba se lot is tydens die Kongo se onafhanklikheidsvieringe op 30 Junie 1960 beklink, toe hy die wrede brutaliteit en onmenslikhede wat die Kongolese onder die Belgiese koloniale bewind beleef het, op 'n passievolle wyse veroordeel het. Dit was Lumumba se visie om 'n verenigde Kongo te bou; hy was per slot van rekening 'n baanbreker [pionier] vir Afrika-eenheid. Sy vermoë om te verpolitiseer en die massas radikaal te beïnvloed, was 'n gevaar vir die Belgiese idee van 'n neo-koloniale staat waarin hulle kon voortgaan om die ware beheer uit te oefen. Westerse belange in die Kongo moes ten alle koste beskerm word. Lumumba was 'n struikelblok vir hierdie scenario.

'n Krisis het ontwikkel toe die koperryke Katanga, onder Moise Tshombe, besluit het om weg te breek. Die kopermyne is deur die Belgiese Union Miniere [Unie van Mynwese] besit. Die mynmaatskappy en Belgiese troepe het die onafhanklikheid van Katanga en Tshombe ondersteun. De Witte het geglo dat [België] die meesterbrein agter Katanga se wegbreek [afstigting] was. Lumumba het Katanga se wegbreek teengestaan en besluit om geweld te gebruik om Katanga terug te bring. Hy het Belgiese diplomate geskors, hom op die Verenigde Nasies beroep om die nuwe onafhanklike staat te verdedig en het steun van die Sowjet-Unie aanvaar. Paranoia (vrees) in die Weste, spesifiek in Washington [VSA] en Brussel [België], het bepaal dat stappe gedoen moes word. Die Belgiese minister vir Afrika-sake, het 'definitiewe uitskakeling' [totale verwydering/dood] geëis. Die VN het die Weste gesteun, Katanga erken en geglo dat Lumumba polities verstoot moes word en dat dit nie nodig was vir die VN om betrokke te raak nie.

Lumumba is deur Joseph Mobutu, wat later president Mobutu Sese Seko geword het, gearresteer. Die Belge het 'n meer beslissende einde geëis – hulle wou Lumumba aan sy mees geswore vyand, Moise Tshombe, laat uitlewer. Dit was in werklikheid 'n doodsvonnis. Lumumba is op 17 Januarie 1961 deur 'n vuurpeloton vermoor. Vir drie weke lank is niks gesê nie. Met die aankondiging van sy dood op die Katangese radio, is aangevoer dat hy probeer ontsnap het en dat hy deur woedende dorpenaars vermoor is.

**BRON 2B**

'n Spotprent deur Leslie Illingworth wat die rol van die VN gedurende die Kongolese krisis in die vroeë 1960's toon. Let op die woord 'VN' op die hoede van die figure links bo. Die mense regs in die spotprent is ondersteuners van Mobutu. Die opskrif in die agtergrond lees: VN Kongo Beheerpos.



**BRON 2C**

'n Aangepaste uittreksel uit 'n artikel deur Stephen Weissman vir die *Washington Post* in Julie 2002. Weissman se artikel verwys na getuienis wat uit geklassifiseerde dokumente verkry is en onthul hoe die CIA [Central Intelligence Agency] beplan het om Lumumba dood te maak. Larry Devlin was 'n CIA-agent.

... die Eisenhower-administrasie het Lumumba as 'n Afrika Fidel Castro [rewolusionêre Kubaanse leier wat die VSA uitgedaag het] beskou en was bekommerd dat hy in die rigting van die Sowjette oorhel.

Daar is 'n buisie giftige tandepasta aan Devlin gegee wat in Lumumba se badkamer moes beland. Devlin is met afgryse vervul deur hierdie plan. 'Ek het nooit 'n sluipmoord voorgestel of geglo dat dit raadsaam is nie,' verklaar hy nou. 'Die tandepasta het nooit in Lumumba se badkamer beland nie. Ek het dit in die Kongorivier gegooi toe die bruikbaarheid daarvan verval het.'

Devlin sê hy het vermoed dat die opdrag om Lumumba te vermoor direk vanaf president Eisenhower gekom het. In Augustus 2000 is Devlin se vermoede amptelik deur Washington bevestig – die opdrag het van die president gekom.

**BRON 2D**

Hierdie is 'n uittreksel uit Patrice Lumumba se laaste brief wat hy aan sy vrou voor sy dood geskryf het.

My liewe vrou

Ek skryf sonder om te weet of jy dit ooit sal ontvang en of ek steeds lewend sal wees as jy dit lees ... Waarvoor ons vir ons land gehoop het, sy reg tot 'n eerbare lewe, tot 'n onbevlekte waardigheid, vir onafhanklikheid sonder beperkings, is nooit deur Belgiese kolonialisme en sy Westerse bondgenote begeer nie ... Dood of lewend, vry of opgesluit, is dit nie ek wat saak maak nie, dit is die Kongo ...

Geskiedenis sal eendag seëvier; dit sal nie die geskiedenis wees wat in Brussel, Parys, Washington of die Verenigde Nasies geleer word nie, maar die geskiedenis wat in lande onderrig word wat hulleself van kolonialisme en sy marionette bevry het. Afrika sal sy eie geskiedenis skryf – 'n geskiedenis vol glorie en waardigheid.

## VRAAG 3: HOE HET MARTIN LUTHER KING JR. DIE BURGERREGTEBEWEGING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) BEÏNVLOED?

**BRON 3A**


Die volgende bron bestaan uit twee dele: 'n geskrewe en 'n visuele bron.

**<u>Geskrewe Bron</u>: Hierdie uittreksel is geneem uit *Generation of Change* deur G Pergyl en fokus op die gebeure wat tot die burgerregte-opmars vanaf die Lincoln Gedenkteken na Washington op 28 Augustus 1963 plaasgevind het.**

Hulle het uit alle rigtings op die land se hoofstad toegesak. Die oggend van die opmars na Washington het 21 gehuurde treine die Union Stasie binnegestoom. Meer as 100 gehuurde busse per uur het suidwaarts deur die Baltimore, Maryland-tonnel gestroom, gevul met opgewonde optoggangers wat sing 'Het vanoggend ontwaak met my gedagtes op vryheid gerig' ['Woke up this morning with my mind set on freedom']. Dit was die grootste byeenkoms van swart en wit wat die land nog ooit gesien het – honderdduisende het die oop ruimtes tussen die Washington Monument en die Lincoln Gedenkteken gevul om stukrag met hulle teenwoordigheid aan die saak te gee.

Alhoewel baie geweld voorspel het, het die massa vreedsaam gebly, bykans vasgevang in 'n oggend van sang deur die beweging se staatmakers soos Odetta, Joan Baez en Bob Dylan. Die swaar Augustus-middaglug is gevul met die roerende woorde van dosyne sprekers, elkeen beperk tot sewe minute, maar die dag het duidelik aan die program se finale spreker, Martin Luther King, behoort. King het sonder sy voorbereide toespraak, soos die predikant wat hy was, op die passievolle groep mense gereageer ...

**<u>Visuele Bron</u>: Hierdie foto is geneem uit *The Civil Rights Movement and the Legacy of Martin Luther King jr.*, en toon 'n gedeelte van die sowat 250 000 mense wat aan die opmars na die Lincoln Gedenkteken deelgeneem het.**



**BRON 3B**

Hieronder is 'n gedeelte van die 'Ek het 'n droom'-toespraak wat deur dr. Martin Luther King jr.op die trappies van die Lincoln Gedenkteken gedurende die historiese opmars na Washington, op 28 Augustus 1963, gelewer is. Geneem uit *Generation of Change: The Civil Rights Movement in America* deur G Pergyl.

Toe die argitekte van ons republiek die manjifieke [verhewe] woorde van die Grondwet en die Onafhanklikheidsverklaring geskryf het, het hulle 'n skuldbewys aan alle Amerikaners wat sou volg, geteken. Hierdie bewys was die belofte dat alle mense, ja, swart mense sowel as wit mense, se onvervreembare reg tot lewe, vryheid en die navolging van geluk, gewaarborg sou word ...

Maar daar is iets wat ek aan my mense, wat op die warm drumpel wat lei na die Paleis van Justisie, staan, moet sê. In die proses om ons regmatige plek te bekom, les ons ons dors na vryheid deur uit die beker van bitterheid en haat te drink. Ons moet altyd ons stryd op die hoë vlak van waardigheid en dissipline aanvoer. Ons mag nie toelaat dat ons kreatiewe protes tot fisiese geweld daal nie. Weer en weer moet ons uitstyg in verhewendheid en fisieke mag met geestelike mag teë staan; en die wonderlike nuwe veglus, wat die Neger-gemeenskap oorspoel het, mag nie daartoe lei dat ons alle wit mense wantrou nie.

Want baie van ons wit broers, wat vandag hier teenwoordig is, het tot die besef gekom dat hulle lot aan ons lot verbind is. En soos wat ons praat, moet ons 'n eed neem dat ons altyd vorentoe sal loop. Ons kan nie terugdraai nie ...

Ek sê vandag vir julle, my vriende, dat alhoewel ons nog voor die probleme van vandag en môre te staan moet kom, *het ek nog steeds 'n droom.* Dit is 'n droom wat diep in die Amerikaanse droom gewortel is. Ek droom dat hierdie volk eendag sal uitstyg en die ware betekenis van sy oortuiging, 'Ons beskou hierdie waarhede as vanselfsprekend, dat almal gelyk geskape is', sal uitlewe. Ek het 'n droom dat dit eendag op die rooi heuwels van Georgia vir die seuns van voormalige slawe en die seuns van voormalige slawe-eienaars moontlik sal wees om saam by die tafel van broederskap aan te sit. Ek het 'n droom dat selfs die staat van Mississippi, 'n staat wat in die hitte van ongeregtigheid en onderdrukking versmoor, eendag in 'n oase van vryheid en geregtigheid sal verander. Ek het 'n droom dat my vier kindertjies eendag in 'n nasie sal leef waar hulle nie volgens hulle velkleur nie, maar volgens hulle karaktereienskappe beoordeel sal word ... [Sodat dit eendag vir] al God se kinders, swart mense en wit mense, Jode en nie-Jode, Protestante en Katolieke, moontlik sal wees om hande te vat en die woorde van die ou geestelike Neger lied, 'Uiteindelik vry! Uiteindelik vry! Dank die Almagtige God, ons is uiteindelik vry!' sal sing.'

**BRON 3C**

Die volgende uittreksel fokus op die ondertekening van die Burgerregtewet van 1964.

Die opmars na Washington het die VS-regering gemotiveer om die Burgerregtewet van 1964 te implementeer. Dit was die verreikendste en omvattendste wet ter ondersteuning van rassegelykheid wat nog ooit deur die Kongres uitgevaardig is. Dit het gepoog om 'die laaste spore' van diskriminasie uit te wis. Met die ondertekening van die wet deur president Lyndon B Johnson is diskriminasie in openbare geriewe onwettig verklaar. Swartes kon nie meer uit hotelle verban word nie ... Hulle kon ook nie toegang tot teaters en ander vermaaklikheidsplekke geweier word of tot afsonderlike geriewe beperk word nie ... Swart kinders kon nie meer die gebruik van parke en openbare swembaddens verbied word nie. Die wet het die VS-regering bemagtig om tegniese en finansiële hulp aan alle skole in distrikte, in die proses van desegregasie, te verleen. Die Burgerregtewet het op kragtige wyse gepoog om die groot teenstrydigheid van Amerika, 'n land wat aanspraak maak op vryheid, gelykheid, geleenthede en geregtigheid vir almal, maar wat vir sowat 300 jaar daardie regte op grond van velkleur misken het, reg te stel.



'n Foto van president Lyndon B Johnson wat dr. Martin Luther King jr. se hand skud tydens die ondertekening van die Burgerregtewet in 1964.

**VRAAG 4: WAAROM IS STEVE BIKO EN DIE SWARTBEWUSSYNSBEWEGING DEUR DIE APARTHEIDSREGIME AS BEDREIGINGS BESKOU?**

**BRON 4A**

Hieronder is standpunte oor die filosofie van Swartbewussyn ['Black Consciousness'].

**Standpunt 1: Drake Koka, 'n stigterslid van die Black People's Convention.**

Deur die filosofie van Swartbewussyn kon swart mense op die pad na self-ontdekking gelei word ... Dit kon uiteindelik tot selfhandhawing van die swart man se innerlike trots lei, van die 'ek' in hom, om so homself te versterk om met selfvertroue sekere dinge wat vir hom of namens hom gedoen word, te aanvaar of te verwerp ... hy sal 'n houding van selfstandigheid ontwikkel ... Die selfstandigheid ontwikkel die strewe in die swart man om te skep en om die inisiatief te neem om dinge te doen.

**Standpunt 2: Harold Pakendorf, redakteur van *Die Vaderland*.**

Ek het geen geskil met Swartbewussyn as sulks nie; daar is niks daarmee verkeerd nie. Dit is deel van 'n nasionalistiese gevoel en dit is verstaanbaar en ons behoort nie negatief te reageer nie. Ons behoort positief daarop te reageer. Dit sal dwaas wees om nie te erken dat daar griewe is en dat daardie griewe die beste deur 'n nasionalistiese organisasie gehanteer kan word nie. As dit 'n nasionalistiese organisasie is wat homself op kleur kan baseer, maak dit dit net soveel makliker ...

**BRON 4B**

Die volgende bron bevat twee perspektiewe oor die dood van Steve Biko.

**Perspektief 1: Majoor Harold Snyman gee besonderhede oor wat tot die dood van Biko gelei het.**

Laat die nag van 18 Augustus 1977 is die verbanne Oos-Kaapse politieke aktivis, Steve Biko, by 'n polisiepadblokkade, wat spesifiek vir hom aan die buitewyke van Grahamstad opgerig is, gevange geneem. Biko is onder artikel 6 van die Wet op Terrorisme, wat vir die onbeperkte aanhouding, met die doel tot ondervraging, van enige persoon wat daarvan verdink word dat hy/sy 'n 'terroris' is, aangehou. Die polisie het sy aanhouding geregverdig deur aan te voer dat hy na Kaapstad op pad was om 'opruiende' pamflette te versprei ... 'wat swartes opsweep om oproer te veroorsaak'.

Biko is in die Baakenstraat-polisiestasie, in Port Elizabeth, aangehou. Die insidenteboek is deur majoor Harold Snyman geteken en bevat die volgende: Inskrywingsnommer 633 om 10:44. Besering. Artikel 6(a)-aangehoudene. Op 7 September 1977 rapporteer Snyman dat hy en Siebert en Beneke, Steven Bantu Biko om 07:00 by die veiligheidskantore in die Sanlamkantore ondervra het. Die gevangene was uiters arrogant, het beserk geraak, het een van die stoele in die kantoor gegryp en dit na Snyman gegooi. Met sy vuiste het hy op ander lede afgestorm en hy is toe deur die ander lede oorweldig. Na 'n gewelddadige worsteling het hy met sy kop teen die muur en sy liggaam op die vloer geval en in hierdie proses het hy beserings aan sy lip, lyf en kop opgedoen.

**Perspektief 2: 'n Cable News Network (CNN) -verslag wat op die uitkoms van die WVK-verhore rakende die dood van Steve Biko fokus.**

28 Januarie 1997, Suid-Afrikaanse beamptes bieg dat hulle Biko vermoor het. Volgens 'n verklaring wat deur die land se Waarheid-en-versoeningskommissie vrygestel is, het voormalige Suid-Afrikaanse veiligheidsbeamptes skuld vir die dood van anti-apartheidsaktivis, Steve Biko, beken.

10 September, majoor Harold Snyman is onder vyf wit voormalige polisiemanne wat betrokke is by die dood van Biko … maar alhoewel Snyman getuig het dat hy deel was van die brutale ondervraging en toesmeerdery, het hy aangevoer dat Biko se dood 'n ongeluk was … Snyman, 69, het getuig dat Biko vir ten minste 'n dag in 'n toestand van vermeende bewusteloosheid was en aan traliewerk, met sy bene en arms uitgesprei, vasgeboei was.

## BRON 4C

Hierdie bron bestaan uit twee dele: 'n geskrewe bron en 'n visuele bron. Beide fokus op die reaksie op die dood van Steve Biko.

**<u>Geskrewe Bron:</u> Die volgende verklarings is deur die minister van justisie, Jimmy Kruger, na Steve Biko se dood gemaak.**

Die *Cape Times* het op 14 September 1977 verslag gedoen dat 'Die politieke leier, mnr. Stephen Biko, agt dae nadat hy met 'n hongerstaking in veiligheidspolisie-aanhouding begin het, dood is,' het die minister van justisie, mnr. Jimmy Kruger, gister [13 September] gesê.

Mnr. Kruger het beskryf hoe mnr. Biko, 30, vanaf 5 September, maaltye en water geweier het en hoe hy deur verskeie dokters ondersoek en toe na 'n gevangenishospitaal in Port Elizabeth gestuur is, na die polisieselle teruggeneem is en uiteindelik na Pretoria oorgeplaas is, waar hy die aand met sy aankoms oorlede is.

Op 14 September 1977, tydens die Transvaalse Kongres van die Nasionale Party, het Kruger, wat die reputasie van 'n valk [strydlustige] gehad het, aan 'n waarderende gehoor van kabinetsministers, LP's en ander steunpilare van die party gesê: 'Ek is nie bly of jammer oor mnr. Biko nie ... Hy laat my koud.' Later het 'n afgevaardigde van Springs, wat die gees van die vergadering vasgevang het, uitbundige gelag uitgelok toe hy die minister geprys het omdat hy aan mnr. Biko sy 'demokratiese reg om homself tot die dood toe uit te honger' toegestaan het.

**<u>Visuele Bron:</u> 'n Spotprent van Jimmy Kruger deur Abe Berry. (Die Afrikaanse byskrifte lees: X merk die plek ... Biko-aangeleentheid).**



## ERKENNING

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Baker, C. 1990. *Russia 1917 – 1945* (Heinemann Educational)
Bartels, J et al. 2006. *Shuters History* (Shuter & Shooters Publishers)
Bernstein, H. 1976. *No 46 – Steve Biko*
Berry, A. 1989. *Act by Act: 40 Years of Nationalist Rule in South Africa* (Lowry)
Bottaro, J et al. 2007. *Oxford in Search of History Grade 12* (Oxford University Press)
Brooman, J. 1992. *The Age of Excess* (Longman)
Brooman, J. 2005. *The Cold War – Superpower Relations 1945 – 1989* (Longman)
Brazier,C. *Racism: Shouldering Our Responsibilities* (*New Internationalist Magazine*, March 1985)
Clark, JF. 2002. *The African States of the Congo War* (Palgrave)
Culpin, C 2000 *South Africa Since 1948* (John Murray Publishers)
De Witte, L. 1999. *The Assassination of Lumumba* (Oxford University Press)
Downey, T et al. 2000. *Russia and the USSR 1905 – 1995* (Oxford University Press)
Fisher, P. 1998. *The Great power Conflict* Stanley (Thornes Publishers)
Fiehn,T. 2005. *Russia and the USSR 1905 – 1941* ( London; John Murray )
Govender, SP et al. 2007. *New Generation History Grade 12* (New Generation Publishers)
Graves, F et al. 2007. *Moments in History* (Juta Gariep)
Kelly, N. 1996. *Russia and USSR 1905 – 1956* (Oxford)
Kelly, N et al. 1996. *The Modern World* (Oxford)
Kelly, N et al. 1996. *The Modern World* (Heinemann)
Lane, P. 1978. *The USA in the Twentieth Century* (London; Batsford) Leadership vol. 10
Lumumba's last letter written – www.africawithin .com
Meredith, M. 2005. *State of Africa: History of Fifty Years of Independence*. (Jonathan Ball)
Nugent, P. 2004. *Africa Since Independence* (Palgrave)
O' Callaghan, DB. 1974. *From Roosevelt and the United States* (Longman)
Puckrein, A. 1993. *The Civil Rights Movement and the Legacy of Martin Luther King JR*, (Smithsonian Institution)
Pergyl, G. 1989. *Generation of Change: The Civil Rights Movement in America* (United States Information Agency)
*Reader's Digest Illustrated History of South Africa,* 1995 (Reader's Digest)
Roberts, M. 2001. *South Africa 1948-1994* (Longman)
Robertson, J. 1986 *Russia in Revolution* (Oxford University Press)
Smith, N. 2000. *The USA 1917- 1980* (Oxford University Press)
Taylor, D. 2002. *The Cold War* (Heinemann)
Walsh, B. 1996. *Modern World History* (John Murray)
Waugh, S. 2001 *Essential Modern World History* (Canale)
Weissman, S. 2002. *Opening the Secret Files of Lumumba's Murder*. (*Washington Post*)
Woods. D. 2001. *Nelson Mandela The Illustrated Long Walk to Freedom* (Little Brown)
York, B. 1983. *The Soviet Union* (Harrap)

Kopiereg voorbehou